

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 20

7 Junie 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

HENTIES KINDERTEATER
Henties kinderteater besoek ons skool weer hierdie jaar op Donderdag, 13 Junie 2019. Hierdie opvoerings dra altyd ‘n belangrike lewensles oor.

Grondslagfase: 11:00 – AS DIE KAT WEG IS (Poppekas – graad. R – 3)
Intersenfase: 12:30 – KLOP, KLOP, WIE’S DAAR (toneelstuk – graad.4 – 7)
Die koste is: R10 per leerder
(een van Newtonpark se oud-leerlinge, Daniel Wolmarans, is deel van die toneelgeselskap)

GRADE 5 – 7 SOKKIE
Op Donderdagaand, 13 Junie 2019 om 19:00 – 22:00 is daar ‘n FLOWER POWER-sokkie as fondsinsameling vir die graad sewes vir hul 2019-toer. Die koste hieraan verbonde is R30 en sluit ‘n glasie koeldrank en ‘n “hot dog” in. ‘n Brief met meer inligting sal aan die leerlinge uitgedeel word. Koeldrank en ander lekkernye sal verkoop word tydens die aand.

VAKANSIENASORG: JUNIE 2019
Ons bevestig dat die vakansie-nasorg wel in die Junie-vakansie voortgaan.
Die tydperk is:
1. 18 Junie tot 28 Junie (9 dae). (Skole sluit Vrydag, 14 Junie 2019 en Maandag 17 Junie: Jeugdag)
2. U moet asseblief ook onderneem om die nasorgtye nl. 07:30-17:30, stiptelik te eerbiedig.

Die tarief beloop R450 per kind of R850 vir 2 kinders en is vooruitbetaalbaar.

BLOEDSKENK: JUNIOR SPORTDAG - SATERDAG, 8 JUNIE 2019
Graag herinner ons u dat daar weer ‘n geleentheid sal wees om Saterdag, 8 Junie tydens die junior-sportdag by die sportgronde ook bloed te skenk.

KULTUURAAND SAAM MET NATASHA JOUBERT : WOENSDAG, 12 JUNIE 2019
Kaartjies vir ons kultuuraand saam met die bekende sangeres, Natasha Joubert, vir Woensdagaand, 12 Junie 2019, te Laerskool Newtonpark se skoolsaal, is by Mev. Laas in die kantoor en gasvrouens teen R60 per persoon beskikbaar tot en met Woensdagoggend.

RAFI'S WINTER-WARMERS
Baie dankie aan almal wat reeds klere en komberse geskenk het vir hierdie inisiatief. U het nog tyd tot Donderdag, 13 Junie om enige skenkings by die skool in te handig.

SKOOLGELDE 2019
Baie dankie aan al die ouers wat gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog 'n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde, so spoedig moontlik na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se naam en van verskaf.

'n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK
Ons almal is soos engele met net een vlerk; en ons kan net vlieg as ons mekaar vashou.
Luciano de Crescenzo

Help jou naaste om sy of haar kruis te dra, en jy sal verbaas wees hoeveel ligter jou eie word.
William Hazlitt

NW. Wepener
ADJUNKHOOF

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 10 Junie	:	Klerewinkel: **07:30-12:00** Kuns graad R – 7 **13:15-14:15 (Laaste)**
Di – 11 Junie	:	Bybelvasvrae Kuns graad R – 7 **13:15-14:15 (Laaste)** Beheerliggaam vergadering : **16:30**
Wo – 12 Junie	:	Klerewinkel: **12:00-14:30** Algemene kennis **Kultuuraand met Natasha Joubert**
Do – 13 Junie	:	Redenaarskompetisie Henties Kinderteater: Graad R – 3 @ **11:00** Poppekas Graad 4 – 7 @ **12:30** Toneelstuk Dance Kids ballet graad R: **13:15** **SOKKIE: Graad 5 – 7**
Vr – 14 Junie	:	Klerewinkel: **07:30-12:00** **Skool sluit om 10:00** **Rapporte word aan kinders uitgedeel**

SPORT & KULTUUR

BLOEDSKENK ADVERTENSIE : SATERDAG, 8 JUNIE 2019